higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

(8011003)

18 Februarie 2025 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye.

058Q1S2518

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord(e) langs die vraagnommer (1.1–1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

bestuur; transformasie; in interaksie te tree; bevoegdheid; oorerflik tradisionele; semistaatsinstellings; doelstellings; Wet 71 van 2008; regsprekende gesag; Wet 41 van 2003; administratief; bekwame; Hoofstuk 9

1.1 Dit is belangrik vir alle regeringstrukture om (a) ... en saam te werk om die staat se (b) ... te bereik. (2)

1.2 Staatsorgane kan in drie verskillende kategorieë verdeel word, naamlik staats- en (a) ..., (b) ... -instellings, ondernemings in staatsbesit en (c) … (3)

1.3 Die Wet op Tradisionele Leierskap en Bestuursraamwerk, (a) ..., handel oor die verskillende kategorieë van (b) ... leierskap (c) ... -instellings. (3)

1.4 Die doel van die geïntegreerde regstelsel is die (a) ... van die huidige regstelsel in 'n moderne, (b) ..., doeltreffende en geïntegreerde proses. (2)
[10]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die doel van enige staat behoort te wees om die verskillende staatsdepartemente te verryk.

2.2 Die wetgewende gesag maak, wysig en herroep beleid.

2.3 Die nasionale uitvoerende gesag bestaan uit die President, adjunkpresident, en kabinetsministers.

2.4 Staatsamptenare is mense wat in diens van die staat is en in verskillende departemente en instellings werk.

2.5 SBO's word deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur 1 van 1999 asook die Maatskappywet 71 van 2008 gereël.

2.6 Die basiese waardes en beginsels soos vervat in Hoofstuk 10 van die Grondwet is slegs op die staat van toepassing.

2.7 Die Grondwet beskryf die rol en funksies van beheerliggame van tradisionele leierskap.

Kopiereg voorbehou

2.8 Alle regeringsfere en staatsorgane binne elke sfeer moet lojaal wees aan die Grondwet, die Republiek en sy mense.

2.9 Sektorpolisiëring is ’n polisiëringsmetode wat in ’n groot geografiese sektor gebruik word.

2.10 Die tradisionele raad moet minstens een keer per jaar met sy tradisionele gemeenskap vergader om van sy aktiwiteite en finansies verslag te doen.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1.–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Metropolisiedepartement	A	bevoegdheid word verleen
3.2	Reserviste	B	plaaslike regeringsvlak
3.3	Verhandeling	C	om geskille te voorkom en op te los
3.4	Konstitusionalisme	D	misdaadvoorkomings-vennootskappe
3.5	Gesetel in	E	bevorder nasiebou
3.6	Munisipale paaie	F	slegs in moderne demokrasieë aangetref
3.7	DENEL	G	uitvoerende gesag van die President
3.8	Doel van interregeringsbetrekkinge	H	staatsorgaan
3.9	NHTL-verantwoordelikheid	I	toepassing van verordeninge
3.10	Stel wetgewing op en inisieer dit	J	in staatsbesit
		K	lang, skriftelike werk wat sistematies oor een vak handel
		L	kabinetsfunksie

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Verduidelik kortliks wat jy onder *bestuur* verstaan. (4)

4.2 Die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging 53 van 2003 definieer 'n *staatsorgaan*.

Noem DRIE staatsorgane. (3)

4.3 Lys die erkende tradisionele leierskapsposisies binne die instelling van tradisionele leierskap. (4)

4.4 Bespreek maatskaplike buitestaatlike verhoudings. (2)

4.5 Lys die VIER pligte van die Suid-Afrikaanse Polisiediens. (4)

4.6 Bespreek kortliks die Departement van Korrektiewe Dienste. (3)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

In Suid-Afrika is die politieke struktuur op die provinsiale vlak 'n spieëlbeeld van die nasionale regering, met 'n premier as die hoof van die provinsiale uitvoerende gesag. Panyaza Lesufi is die Premier van Gauteng. Hy is in 2024 herverkies en gaan voort om die provinsie te lei, nadat hy in Oktober 2022 vir die eerste keer tot hierdie rol verkies is.

5.1 Verduidelik hoe die premier verkies word. (4)

5.2 Bespreek die uitvoerende bevoegdhede van die premier tesame met die ander lede van die uitvoerende raad. (10)
[14]

VRAAG 6

Suid-Afrika se regering is in drie duidelike vlakke verdeel. Hierdie multivlakstelsel is ontwerp om bestuur te versterk, dienslewering te verbeter, en te verseker dat die regering toeganklik vir die burgers se behoeftes is en daarop reageer.

6.1 Lys die verskillende regeringsvlakke. (4)

6.2 Bespreek elk van die verskillende regeringsvlakke. (12)
[16]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 7

Lees die volgende artikel noukeurig en beantwoord die vrae wat daarop volg:

WES-KAAP SE VERMISTE MEISIES:
WAT VAN AL DIE ANDER JOSLIN SMITHS?

Die sesjarige Joslin Smith is een van drie meisies wat tans in die Wes-Kaap vermis word.



'n Groot skare vergader op 7 Maart 2024 buite die Vredenburgse landdroshof tydens die saak van die vermiste Joslin Smith. Die Graad 1-leerling van Diazville Laerskool is die laaste keer op 19 Februarie gesien. Sy was geklee in 'n ligblou T-hemp en ligblou denimkortbroek. Foto: Gallo Images/Brenton Geach

Behalwe die Saldanha-meisietjie Joslin Smith, wie se verdwyning byna drie weke gelede internasionaal opslae gemaak het, word nog twee kinders in die Wes-Kaap tans vermis.

In die lig van die uitgebreide en voortslepende soektog wat van stapel gestuur is om Joslin op te spoor, het Martlé Keyter, bedryfshoof van die Motorbedryfpersoneelvereniging, 'n pleidooi gelewer dat alle gevalle van vermiste kinders die aandag en dringendheid moet kry wat hulle verdien.

[Vertaal uit: *https://www.citizen.co.za/news/south-africa/crime/missing-children-south-africa-joslin-joshlin-smith-trafficking-kidnapping-latest/]*

Dink jy dat gemeenskapspolisiëringsforums (GPF's) kan help om misdaad te beveg? Staaf jou antwoord. **[20]**

TOTAAL AFDELING D 20
GROOTTOTAAL 100

Kopiereg voorbehou